# GESAMENTLIKE TESTAMENT MET TRUST
**(LANGSLEWENDE/KINDERS ENIGSTE ERFGENAAM)**

Ons, die ondergetekendes

1. (Volle Name en Van) ____________________________________________

   (Identiteitsnommer) ____________________________________________

   en

2. (Volle Name en Van) ____________________________________________

   (Identiteitsnommer) ____________________________________________

herroep hiermee alle testamente, kodisille en ander testamentêre geskrifte voorheen hetsy gesamentlik of afsonderlik deur ons verly, en verklaar dat hierdie ons testament is.

1. **AFSTERWE VAN DIE EERSSTERWENDE**

   Die eerssterwende van ons bemaak sy of haar boedel aan die langslewende van ons.

2. **AFSTERWE VAN DIE LANGSLEWENDE**

   Ingeval die langslewende van ons te sterwe kom sonder om 'n verdere geldige testament na te laat, bemaak sodanige langslewende sy of haar boedel aan ons wettige afstammelinge by wyse van plaasvervulling.

3. **TRUSTBEPALINGS**

   Ingeval enige van ons begunstigdes nog nie die ouderdom van **21** (Een-en-Twintig) jaar bereik het nie sal sy of haar bemaking in ons trustee aangestel in hierdie testament, in trust berus, en aan welke trustee ons die volgende magte verleen en pligte opgedra:

   4.1 Om in die trustee se uitsluitlike diskresie in belang van die trust, bates te aanvaar, te beheer en te administreer. Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid en algehele omvangrykheid van hierdie magte, sluit dit die mag in om bates te verhuur, te verkoop of te gelde te maak, of om roerende en onroerende eiendom te huur, aan te koop en te verbeter.

**<u>AS GETUIES</u>**:

1. ____________________________ ____________________________
**TESTATEUR**

2. ____________________________ ____________________________
**TESTATRISE**

4.2 Om kontantfondse, opbrengs van bates wat te gelde gemaak word en onaangewende surplusinkomste tot voordeel van die trust op enige wyse te belê, en sodanige beleggings op te roep en te herbelê, soos wat die Trustee in sy uitsluitlike diskresie mag besluit, sonder om tot erkende trustee-beleggings beperk te wees.

4.3 Om enige bedrag geld te leen ten einde enige voorwaarde van hierdie trust na te kom en sodanige sekuriteit te stel met insluiting van die mag om trusbates te beswaar of verpand, ten einde die behoorlike terugbetaling van sodanige lening te verseker.

4.4 Om in die diskresie van ons Trustee soveel van die inkomste van die trust, en indien nodig van die kapitaal, aan te wend of te betaal vir die onderhoud en opvoeding van die begunstigdes of vir enige ander doel in sy of haar belang. Enige inkomste wat nie vir doeleindes hiervan gebruik word nie, kan gekapitaliseer word.

4.5 Om die trust te beëindig sodra 'n begunstigde die ouderdom van 21 (een-en-twintig) jaar bereik en die kapitaal soos dit dan bestaan en enige opgelope inkomste, aan die begunstigde oor te maak en te betaal. Nieteenstaande hierdie bepaling, bepaal ons dat ons trustee in sy diskresie die mag sal hê om die beëindiging van die trust uit te stel, hetsy gedeeltelik of in die geheel, sou hy dit in belang van 'n begunstigde ag.

**4. BESKERMING VAN VOORDELE**

Ons bepaal dat die erfenis van enige begunstigde in terme van hierdie testament of latere kodisil, asook die opbrengs daarvan, die herbelegging van die opbrengs, en die inkomste daarop, uitgesluit sal wees van die regsgevolge van enige huidige of toekomstige huwelik van die begunstigde.

5. **EKSEKUTEUR EN TRUSTEE**

Ons benoem BUSINESS & LEGAL CONSULTANTS BK as die Eksekuteur van ons onderskeie boedels asook as die Trustee van enige trust geskep ingevolge die bepalings van hierdie testament. Ons bepaal dat ons Eksekuteur met die Mag van Assumpsie beklee sal wees.

Ons gelas die Meester van die Hoë Hof om af te sien van die vereiste vir sekuriteitstelling deur genoemde Eksekuteur en Trustee en hulle geassumeerdes, vir die behoorlike nakoming van hulle pligte in beide van hierdie hoedanighede.

Die Eksekuteur en Trustee word verder gemagtig om gebruik te maak van die dienste van enige bevoegde of verwante maatskappye, welke instellings geregtig sal wees op die normale vergoeding wat op sodanige diens van toepassing mag wees.

GETEKEN te ______________________ op hierdie ______ dag van ______________________ 20 __

in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies almal gelyktydig teenwoordig.

**<u>AS GETUIES</u>**:

1. _________________________ ____________________________
**TESTATEUR**

2. _________________________ ____________________________
**TESTATRISE**

# KONTAKBESONDERHEDE

**TESTATEUR**

(Naaam) ____________________________________________

(Van) ____________________________________________

(Woonadres) ____________________________________________

____________________________________________

(Kontaknommer/s) ____________________________________________

(Epos) ____________________________________________

**TESTATRISE**

(Naaam) ____________________________________________

(Van) ____________________________________________

(Woonadres) ____________________________________________

____________________________________________

(Kontaknommer/s) ____________________________________________

(Epos) ____________________________________________

**GETUIE NO. 1**

(Naaam) ____________________________________________

(Van) ____________________________________________

(Woonadres) ____________________________________________

____________________________________________

(Kontaknommer/s) ____________________________________________

**GETUIE NO. 2**

(Naaam) ____________________________________________

(Van) ____________________________________________

(Woonadres) ____________________________________________

____________________________________________

(Kontaknommer/s) ____________________________________________